Parkieland
H/V Anderson - en
Thomas Edisonstraat
Menlopark 0081
Tel: 012 460 1976
Faks: 012 460 1976
parkieland@menlolaer.co.za
www.parkieland.co.za

27 Julie 2022
Nuusbrief No 24

Liewe Ouers,
Baie dankie aan almal wat iets gestuur het vir proedag. Die kinders het dit baie geniet en 'n hele paar "dapperes" het vrugte geproe wat hul nog nooit voorheen wou proe nie... ander se smaakknoppies het net geweier! Die 2-3 Jariges hou Vrydag hulle proedag!

Personeel:

- Baie geluk aan Karen Bothma, ons Sekretaresse wat vandag verjaar. Dit is 'n spesiale verjaarsdag van 60 jaar!
- Karen, baie dankie dat jy by Parkieland kom help elke dag en eers jou "grootskoolwerk" 'n bietjie opsy sit om by die "kleinskool" te kom help.
- Ons wens vir jou 'n mooi dag en geseënde nuwe lewensjaar toe!
- Karen sê sy geniet dit vreeslik so tussen die kleintjies met al hul lawwe sêgoed.

Skoolure:

- Ons rig asseblief 'n vriendelike versoek aan ouers om asseblief binne die gegewe skoolure te bly.
- **Halfdagkinders moet teen 13:30 afgehaal word en Naskoolkinders teen 17:30.**
- Daar is ouers wat so laat as 17:50 eers kinders kom oplaai, of dikwels laat opdaag.
- Beplan asseblief u werksure so dat u betyds u kinders afhaal.
- Wees asseblief respekvol teenoor personeel wat nog eie kinders en huislike verpligtinge het wat aandag verg.
- Personeel wil nie graag boetes hef vir laatkomers nie, maar daar word net te veel kere laat gekom om dit langer oor te sien.

Opvoedkundige besoek: My gesondheid en my tande: Vrydag 29 Julie 2022: Projeknommer P763

- Ons kleuters ontvang 'n besoek van Mighty Minds wat hulle oor gesondheid kom leer en hoe om jou tande te versorg.
- Al die **Olifante, Kameelperde, Eendjies en Hasies** neem hieraan deel.
- Kleuters moet asseblief Parkielandhempies aantrek.
- Daar is 'n koste van R35 per kind verbonde. Betaal asseblief EFT of d6 en gebruik die kind se naam en Projekkode P763 as verwysing.
- Stuur asseblief die toestemmingsbriefies wat verlede week uitgestuur is terug skool toe.

Herregistrasie vir 2023:

- Al die Gr 00 kinders (Olifante en Kameelperde) het **Inskrywingsvorms** vir Gr R ontvang.
- Stuur dit asseblief teen Maandag 1 Augustus terug.
- U hoef nie die dokumente weer aan te heg nie, ons sal die bestaande inskrywingsvorms se dokumente aanheg.
- Indien u adres verander het, moet u asseblief 'n nuwe bewys van adres byvoeg.
- Die res van die kinders gaan binnekort hulle **Herregistrasievorms** vir Parkieland ontvang.

Jêmbekkie:
Soos u weet, gesels die Gr 00 en Gr 000 kinders hierdie week oor tande. Die een Gr 00 seuntjie sê: "Juffrou, my boetie het twee tande gelyk gewissel. Hy moes toe vir die tandemuis "change" gee!

Hoop u het 'n geseënde week verder.

Vriendelike Parkie-groete,

RIEKIE VAN EEDEN & PERSONEEL